

## PREEK (KINDERDIENS)

3 JUNIE 2018

Aan elkeen afsonderlik

**Teks:** 1 Kor. 12:7 "Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal."

**Tema:** Die gemeente is God se liggaam op aarde

In die Bybel is die mens se liggaam een van baie voorbeelde wat gebruik word om te verduidelik hoe die gemeente moet lyk en werk. Kom ons kyk eers na ons liggaam. Tannie Madelein het vir ons 'n dogter papierpop gemaak. Toe knip sy dit in baie stukkie: kop, nek en lyf. Daar is die ore, oë, neus, mond, arms, hande, bene en voete. Toe deel sy wat die poppie gemaak het dit uit aan verskillende kinders - elkeen kry 'n stukkie van die pop. Op 'n blaai bord help oom Hannes die kinders toe om weer die poppie aanmekaar te sit. Eers die kop toe die nek en daarna die lyf. Toe word die arms en hande, die bene en voete en die res van die poppie vasgeplak met wondergom - oë, ore, neus en mond. Nou lyk die poppie presies soos wat sy deur tannie Madelein geteken en gemaak is - pragtig! En die gemeente gee applous vir al die kinders wat gehelp het om die poppie saam te bou.

Kinders gaan sit en Dominee verduidelik. Net soos die poppie is die gemeente ook 'n prentjie wat die Here van ons het. Hy wil graag hê ons moet net so mooi soos die poppie lyk. As gemeente moet ons ook soos 'n mens se liggaam werk. Daar is verskillende soorte mense - groot en klein, mans/seuns en vroue/dogters. Party is soos die ore hulle luister fyn na God se stem en mense se behoeftes. Ander is soos die oë wat mense, en geleenthede goed raak sien. Dan is daar die arms/hande wat dinge doen en die bene/voete wat weer rondbeweeg. Net soos wat ons teksvers sê : " **aan elkeen word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal.**" Laat die kinders die teksvers 'n paar keer hardop sê en beklemtoon elke woord. Die Here gee aan elkeen van ons 'n spesiale vermoë. As ons dit wat elkeen van die Here ontvang het bymekaar sit, gebeur daar wonderlike dinge.

Kom ons neem byvoorbeeld ons erediens. Ons het vanoggend almal hier bymekaar gekom. Baie dinge het reeds gebeur. Ons is by die deure deur iemand verwelkom. Ons het in die banke kom sit en mekaar gegroet. Toe sing ons heerlike geestelike liedere saam om vir die Here dankie te sê vir alles wat Hy doen en dat Hy ons genooi het om saam ook na Sy Woord te luister. Ek vra toe almal wat by die lofprijsing betrokke is om na vore te kom. Van die koster (wat die kerk oopsluit, die krag en ligte aansit) die orrelis, die voorsangroep, die klankman en persoon wat die rekenaar werk om die liedere op die skerm te vertoon. Toe staan die hele gemeente wat sing. En daar is ook die persone wat nie nou gesien kan word nie: byvoorbeeld die argitek, bouer/bouspan, die elektriesiën, die mense wat die instrumente gemaak, die liedere geskryf het ens. Net soos ons liggaam - ons sien nie al die dele binne-in ons liggaam nie, maar ons weet dat dit daar is. Elkeen is belangrik en saam maak ons mooi musiek. Ons doen verskillende dinge, maar saam maak ons die Here gelukkig wanneer ons saam vir Hom mooi liedere sing.

Die teksvers word nou weer hardop gesê deur die hele gemeente. En ons bid en sê vir die Here dankie dat Hy ons gemaak het, dat elkeen verskillend is, dat ons mekaar nodig het om Hom en ons medemens te dien. Nou is dit tyd om ons offers te gee en 'n ander span lidmate (groot en klein) neem die dankoffer op en sê vir die Here dankie, want Hy sorg vir ons.

Toe gebeur die volgende. Die leier, Morné, nooi die lidmate om geld uit die bordjies te kom haal en om dan in die loop van die week iemand daarmee te gaan seën. Die gedagte is om die kinders/volwassenes te help om te verstaan dat ons elkeen iets (R10, R20, R50, R100, R200) ontvang het om tot voordeel van iemand anders daar buite te gaan gebruik. Want dit is God se doel met die gemeente. Ons is God se hande, voete oë, ore en mond op die aarde vir wie Hy met vermoëns seën om dan op ons beurt vir ander tot seën te kan wees. Volgende Sondag kom vertel ons hoe lekker dit vir ons was om vir iemand iets te gee en wat toe daar gebeur het. Ter illustrasie kyk ons saam na 'n kort U-tube film "**Tap on the shoulder**". <https://youtu.be/4OAAJwnMNRQ>

Ons sing, herinner mekaar aan die seëninge wat ons ontvang het en gaan uitgedaag om dié week tot seën van ander te gaan leef.

AMEN.